kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 4 | 22 Februarie

VERGIFNIS

Debrief

- Dink aan 'n kreatiewe manier om vandag die kinders betrokke te kry by mekaar
- Recap op laasweek se gesprek oor die sonde
- Laat elkeen vertel oor wat hulle gedink het – is daar iemand wie hulle moes vergewe het of 'n ervaring waar hulle dit reggekry het om iemand te vergewe?

Luister

- Vir die eerste gesprek: Lees Mat 26:26-30
- Vir die tweede gesprek: Lees Mat 18:21-35

Gesprek!

EERSTE GESPREK – JESUS VERGEWE MY

- Verduidelik weer mooi vir hulle dat Jesus se kruis beteken dat ons vergewe word vir al ons sondes wanneer ons in Hom glo.
- Vrae wat jy vir die klas kan vra om bietjie aan die praat te kom hieroor:
    - Is daar iets waarvoor die Here my nie kan vergewe nie? (die enigste onvergeefbare sonde is die sonde teen die HG – om nie te glo in God nie)
    - Hoe weet ek, ek is vergewe?
    - Is daar kleiner en groter sonde?
    - Wat doen ek as God my vergewe, maar ek sukkel om myself te vergewe vir iets?
    - Al vergewe God my is daar partykeer dinge wat ek moet regstel – hoe doen ek dit?
    - En wat as ek dit weer doen – dieselfde ding as die vorige keer?
- Vertel uit jou eie lewe uit vir die kinders hoe jy ervaar die Here jou vergewe. Deel wat dit beteken en of dit moeilik was ens.
- Maak vas oor Jesus wat my vergewe deur die eerste gesprek op te som.

TWEEDE GESPREK – MY PLIG OM TE VERGEWE

- Laat elkeen vertel wat hul leer uit die gelykenis.
- Maak seker dat hulle die beginsel verstaan dat omrede Jesus my vergewe, ek ook ander moet vergewe. Ek doen wat my Vader doen op aarde.
- Vrae waaroor jy kan gesels met die klas:
    - Hoe vergewe ek iemand? Wie moet eerste die stap neem?
    - Hoe lank vat dit? Is daar situasies waar dit ontmoontlik is?
    - Waaroor gaan vergifnis regtig? Jou of die ander persoon?

Wrap-up!

- Laat elkeen sê wat hulle vandag vasgemaak het oor vergifnis.
- Vertel vir hulle van volgende week se tema – METANOIA (BEKERING)
- Laat hulle saam bid rondom die tema vergifnis.
- Kyk of jy hulle vir die week kan organiseer in bid-buddies.